IN U LIG

# Die Wapad

JAARGANG XX WOENSDAG 17 MAART 1965 NR. 3

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1165

# INLYWING UITGEDIEN

## *S.R. Stel Standpunt*

**INLYWINGSAKSIES wat uit tred is met die universiteitsontwikkeling en die tydsgees moet noodwendig wyk vir 'n moderne siening van eerstejaarsinskakeling by die universiteitslewe. So het die Studenteraadsvoorsitter, mnr. S. J. du Plessis, Dinsdagaand op 'n massavergadering gesê. Mnr. Du Plessis het die Studenteraad se standpunt gestel oor die beoogde verandering van die Inlywing.**

**„Die inlywingsprogram soos ons dit vandag ken is ongeveer tien na vyftien jaar oud en dateer uit 'n tydperk toe getalle aansienlik kleiner was. Dit geld eintlik vir 'n hegte klein studentegemeenskappie met 'n sterk eenheidsgees en nie vir 'n universiteit met 'n snel toenemende studentetal nie".**

**DOEL VERLOOR**

Inlywingstyd is 'n abnormale tydperk vir beide seniors en eerstejaars. Die oorspronklike doel van die Inlywing gaan verlore. Hoe belagliker en grappiger dit voorgestel kan word hoe suksesvoller is die inlywing. Vir 'n groot aantal seniors, wat geen werklike deel aan die inlywing as sodanig het nie, gaan dit glad nie om die waarde wat dit kan hê om die eerstejaars hier in te skakel nie, het hy gesê.

**INLYWING BEPERK**

**Volgens mnr. Du Plessis beweeg die inlywingsprogram slegs op die terrein van die ongeorganiseerde studente- en koshuislewe en word die eerstejaar nie ingeskakel by die akademie en die georganiseerde studentelewe nie. Inlywing soos dit nou bestaan bring nie die begrip van inskakeling in 'n hele studentegemeenskap tuis nie.**

Vir dié doel is dit nodig dat daar in die rigting gedink word van 'n inskakelingsprogram wat al die fasette van die studentelewe sal bestryk. So kan daar byvoorbeeld op akademiese gebied met 'n stelsel van senior studentevoogdy begin word. In die georganiseerde studentelewe kan baie gedoen word om die eerstejaars by sportklubs en verenigings in te skakel. Op ongeorganiseerde gebied en in die koshuise moet spontaniëteit beklemtoon word. Nouer skakeling tussen die koshuise moet plaasvind waartydens kenmerkende byvoorbeeld gehou kan word.

**OORWEGING**

Mej. Riekie Smith het voorgestel dat die massa eers die saak in oorweging moet neem en daar is besluit om 'n volgende massavergadering op 23 Maart te hou om die saak finaal af te handel.

**Verskeie persone wat na die vergadering deur Die Wapad genader is het die mening uitgespreek dat 'n verandering van die huidige stelsel goed sal wees maar dat dit nie te drasties gedoen moet word nie.**

Mnr. Frans van der Walt het gesê dat hy hom vereenselwig met die hooftrekke van die beoogde verandering maar dat daar iets positiefs en onmiddellik omskryf in die plek van die huidige aksie gestel moet word.

Hy stem saam dat die stelsel verander moet word, het mnr. Gerhard Scholtemijer gesê, maar dan moet aksies soos die uitkenningsparade behou word.

## KORTBROEKE VIR MANS?

Vertoë gaan deur die Studenteraad tot die owerheid van die universiteit gerig word om mansstudente toe te laat om in die somer met kortbroeke klas by te woon. Die besluit is op die laaste massavergadering geneem. 'n Oorweldigende meerderheid het vir die besluit gestem en bespreking is hoofsaaklik ten gunste van so 'n stap gevoer.

## REDAKTEUR BENOEM

**Die nuwe hoofredakteur van Die Wapad is mnr. Arrie de Beer. Hy volg mnr. Francois de Villiers op wat bedank het om 'n pos op Fort Hare te aanvaar.**



## JAN BRADLEY OP STUDENTERAAD

**Mnr. Jan Bradley, 'n ou bekende in die P.U.Studentelewe, is verkies as A.S.B.-verteenwoordiger op die Studenteraad. Hy neem die plek in van mnr. Frik v. Deventer wat bedank het.**

Mnr. Bradley het in die verlede 'n leidende rol in die P.U. studentelewe gespeel.

Hy was onder andere redaksielid van die Pukkie, asook voorsitter van die Vreugdedagkomitee.

By die Wapad is mnr. Bradley ook geen onbekende nie. Hy het reeds opgetree as assistent-hoofredakteur van die studentekoerant.

Vanjaar is mnr. Bradley voorsitter van die Nasionale Party tak van die P.U. vir C.H.O.


Verder is hy ook voorsitter van die pasgestigte S.K.S.-ondersteunersklub, en dien hy op die huiskomitee van Over de Voor.

## Erratum

Verskoning word aangebied vir die per abuis-bewering in die vorige Wapad dat Abram Fischer reeds van die rol geskrap is — op dié datum was daar slegs stappe deur die Johannesburgse balieraad geneem om hom te skrap.



**Gaan die Pukke weer volgende jaar so 'n toneel uit die Hof van Hades sien? Dit is een van die baie vrae wat vandag op die kampus oor die moontlike afskaffing van Inlywing gevra word. Foto: FOTOKUNS**



**Mnr. Fanie du Plessis, mej. Cecile Schutte en mnr. Andries Coetzer, lede van die Eerstejaarskomitee. Foto: FOTOKUNS**

## CALVINISME IS ENIGSTE WAPEN TEEN KOMMUNISME

**„DIE CALVINISME is die enigste wapen waarmee die Kommunisme nog beveg, en oorweldig kan word", het dr. J. A. Schutte gesê toe hy 'n Korpsvergadering op 10 Maart toegespreek het.**

Na aanleiding van sy onderwerp: „Die Bantoe en Calvinisme", het hy op die belangrike rol van die blanke hierin gewys.

Dr. Schutte het gesê dat God die blanke hier geroep het met 'n bepaalde doel. Die blanke moet die instrument wees wat Hy gebruik om die Bantoes na die lig te lei. Hy het gesê dat elkeen sy deel kan bydra. Die mens is egter te traag om te gee en daar word ook te min gebid.

**GEESTELIKE KLOOF**

Dr. Schutte het gewaarsku teen die geestelike kloof tussen blank en nie-blank. Hierdie isolasie kan gevaarlik wees, en daarteen moet gewaak word.

**Die Afrikanernasie kan nie toelaat dat die nie-blanke die prooi van die Kommunisme of die Islam word nie. Die Westerse beskawing het hulle hul sedes en tradisies ontneem, sodat hulle ontwortel is en in geestelike nood verkeer. Nou is dit die blanke se plig om hulle na die lig te lei.**

## NUWE TAAK VIR A.S.B.

**„Die tyd het aangebreek dat die A.S.B. in 'n frontorganisasie omskep moet word wat die stryd kan aanknoop teen verradelike elemente wat ons volksbestaan bedreig" het die president van die A.S.B., mnr. Paul de Beer, Vrydagaand op 'n dinee van die Afrikaanse Studentepersunie gesê.**

Hy voorsien dat die liggaam as kultuurorganisasie hierdie jaar nog omskep kan word in so 'n frontorganisasie.

Mnr. De Beer het daaraan toegevoeg dat die Afrikaner nog nie die stryd volstry het nie, en nie nou kan laat slap lê nie. Hoewel die Afrikaner op 'n bergtop van sukses staan, moet hy nie daarmee tevrede wees en dalk later bloot afdaal nie, maar moet hy altyd die bergpieke voorentoe sien en konstruktief vorentoe beur.

Mnr. D. A. Malan, van Voortrekkerpers, wat as hoofspreker by die dinee opgetree het, het gesê dat die ouer garde van die volk verontrus is wanneer dit vir hulle skyn of die jeug van vandag op hulle louere rus en nie meer 'n veggees aan die dag lê nie.

Dit blyk soms of die jeug anders wil wees, net omdat hulle nie meer die eie patriotisme wil erken nie. Die jeug het nie nodig om apologeties te wees nie, maar moet vasstaan in die volksgie.

# Puik Meesterkonserte vanjaar op P.U.-Program

**VIR DIE MUSIEKLIEFHEBBER bied die Potchefstroomse Universiteit weer eens vanjaar 'n reeks van die heel beste konserte ter wêreld aan. Vyf meesterkonsertgroepe word deur die loop van die jaar tot by die voordeur van Wes-Transvaalse musiekgehore gebring en in elke geval tree kunstenaars van internasionale faam op.**

Peter Frankl, wêreldberoemde pianis kom eerste op 15 Mei aan die beurt met 'n klavieruitvoering in die Konservatoriumsaal (Van der Hoffweg.) Dit is sy tweede besoek aan Potchefstroom. In 1963 het hy met uitstaande vertolkings verseker dat hy altyd hier plaaslik gewild sal wees. Sy spel kan nie anders as uitstaande beskryf word nie; sy gelyke op die verhoog is selfs in wêreldgeselskap uiters skaars.

Op Saterdag, 26 Junie ,lewer TRUK se simfonie-orkes 'n konsertaanbieding in die Totius-Gedenksaal. Die orkes tree op onder leiding van professor Quayle. Aangesien TRUK slegs konserte van hoogstaande gehalte aanbied, kan die studente ook in hierdie geval 'n uitstekende uitvoering verwag.

### VOORAANSTAANDE

Een van die wêreld se mees vooraanstaande kamerorkeste, die LUZERN STRYKORKES, tree op Donderdag 2 September in die Totius-Gedenksaal op. Dit bly 'n besondere ondervinding om 'n uitvoering van hierdie orkes by te woon.

'n Verdere hoogtepunt is die besoek van die WEENSE SEUNSKOOR op Maandag, 13 September. Die aanbieding vind ook in die Totiussaal plaas. Hierdie koor het geen bekendstelling nodig nie omdat dit as 'n gunsteling van gehore dwarsoor die wêreld onoortreflike roem behaal het.

### BRILJANT

TIBOR VARGA, briljante Hongaarse violis, sluit die reeks konserte af op Woensdag, 6 Oktober in die Konservatoriumsaal. Sy naam word vandag reeds saam met dié van die heel grootstes, soos Heifitz, Menuhin en Oistrakh, genoem.

### DIENS

Dit is 'n onskatbare diens wat die Universiteit aan Potchefstroom en Wes-Transvaal bewys om hierdie reuse onder kunstenaars teen groot onkoste na ons plaaslike gehore te bring. Dit behoort deur almal op prys gestel en ondersteun te word. Seisoenkaartjies kan vanaf 1 April tot 15 Mei teen besparende pryse by Pro-Rege-Pers verkry word. Belangstellendes word aangeraai om hulle kaartjies vroegtydig te koop om teleursteling te voorkom.

## Franse Kuns

Mnr. Ballot, wat aangestel is as lektor in Kunsgeskiedenis aan die P.U., het Vrydagaand 13 Maart as spreker by die vergadering van die Franse kring, die Circle de Francais opgetree.

Mnr. Ballot het 'n interessante lesing gehou oor die Franse kuns, oftewel L'art Francais.

## Toneelstuk

Die eerstejaars voer op 13 April die stuk „The Dear Departed" op, met mev. Elize Louw as regisseuse.

Die jaar is daar baie talent met die rollesing wat op 8 Maart gehou is, opgemerk en is veral verblydend dat daar soveel belangstelling onder die mans was.

## Letterkundige Hou Lesing

Op 'n bestuursvergadering op 4 Maart is Daan Wissing as voorsitter en Elmarie van der Walt as sekretaresse van die Letterkundige Vereniging gekies. Die ander bestuurslede sal op die eerste programvergadering van die jaar gekies word.

Die vereniging beoog om deur die jaar verskeie bekende letterkundiges te nader om as sprekers op programaande op te tree. Die onderwerpe sal ook die letterkunde van ander tale insluit.

**Op die eerste vergadering, wat** binnekort gehou sal word, sal **professor P. D. van der Walt**, een van die bekendste letterkundiges in die land, as spreker optree oor die onderwerp „Die Sestiger-prosa."

## Nuwe Balletmeester



**Truk se nuwe balletmeester, Alexander Bennett, vertolk hier die rol van Siegfried in Swanemeer. Hy het in die buiteland bekendheid verwerf vir sy vertolking van balletrolle in opvoerings en oor die beeldradio. Mnr. Bennett sal verantwoordelik wees vir die opvoering van Coppelia wat binnekort in Johannesburg aangebied word, en sal die hoofrol van Frans dans.**

**Dit is moontlik dat Pukke hierdie uitvoering sal kan bywoon.**


# GRADEDAG - 1965

HOOGTEPUNT van ingepanne arbeid — bekroning van deursettingsvermoë — dankbaarheid by ons Christelike Hoër Onderwys.

Ons wens die 455 graduandi (insluitend 11 doktorsgrade) van harte geluk met hul prestasies.

Gelukwense veral aan Dr. P. E. van Coller (internis in die Kaap) vir sy tweede doktorsgraad (D.Phil.-sielkunde).



Gelukwense aan die tweeling mejj. De Kock vir hulle B.Comm. Verder is ons meegedeel dat die plegtigheid op die 3de April deur die aanwesigheid van appelregter F. L. H. Rümpff opgeluister sal word. Hy lewer die redevoering. Ook sy Edele Min. en mev. P. M. K. le Roux en prof. Chris.Coetzee, die voormalige rektor sal aanwesig wees. En vir die eerste keer sal die grade H.B.A. en M.B.A. aan die P.U. toegeken word.





**Dit spreek natuurlik vanself: Ons ateljee baat by hierdie glanspunt van u akademiese aktiwiteite, maar ons wil dit tog duidelik stel dat ons saam met u verheug is en ons materialiseer dit deur van elke graduant wat by ons foto's laat neem, die beste gehalte te lewer vanuit die gunstigste gesigpunt. Ons fotografie is geen massawerk nie, is ook nie melo-dramaties nie.**

**Dit staan gefundeer op ses jaar lange ondervinding. Die foto's hierby getuig daarvan. Hulle, en baie ander, het Fotokuns gekies.**

***EN U?***

# FOTOKUNS

**TOMSTRAAT 82**

**FOON 5985**

# Studente Betoog Soms Na Willekeur

Studentebetogings oorsee het die afgelope aantal maande voorbladnuus in verskeie lande gehaal. Na die Panamakwessie verlede November het 2,000 studente voor die Wetgewende Vergadering betoog met slagspreuke soos „Skop Amerika uit." In Suid-Vietnam het die Amerikaners ook moeilikheid ondervind toe Amerikaanse biblioteke afgebrand is.

In Moskou het naturellestudente die Kongolese ambassade aangeval uit protes teen die landing van valskermsoldate in Stanleystad.

Studente in Wes-Berlyn en Rome was blykbaar nie tevrede met die besoek van Moise Tsombe nie, en die premier van die Kongo moes by tye koes vir vrot eiers en ander voorwerpe wat na hom geslinger is.

Die V.S.A. het 400,000 dollar as vergoeding vir die afgebrande John F. Kennedy-biblioteek van die V.A.R. geëis.

Studente het op 11 Januarie 'n 48 uur lange staking in twee Suid Viëtnamese stede gereël. Hierdie staking en betoog was gemik teen die regering van Tran Van Hoeong, die eerste minister. In die twee stede, Hoeë en Kwang Tri, het voertuie rondgery met plakate en sommige met luidsprekers, wat teen die regering gemik was.

## Hierdie Oorlosie is Afrikaans

Pretoria het glo die eer om in besit te wees van die enigste Afrikaanse slaanoorlosie in die Republiek. Dit is die oorlosie in die toring van die ou Raadsaal.



**Iets wat vir die Afrikaanse student vreemd is, is die talle betogings wat deur studente oorsee teen alles en nog wat gehou word. Op die foto hierbo kan 'n groep studente van die Atheense Universiteit gesien word waar hulle betoog teen die inmenging van Rusland in die Ciprus geskil.**

## Hoërskole vir blankes vermeerder

Sowel hoër- as laerskole het die afgelope jare aansienlik uitgebrei en die getal skole het ook heelwat vermeerder sedert 1913. Die aantal hoërskole het vanaf 1913 tot 1964 van 7 tot 145 vermeerder, hoërskool-leerlinge het het gedurende dieselfde tydperk vermeerder vanaf 2,453 tot 101,022. Laerskole en nie-blanke skole het ook met rasse skrede vermeerder en uitgebrei.

## Elektroniese strottehoof

Die Bell Telephone Company het 'n elektroniese strottehoof ontwikkel. Die toestel is ontwikkel vir mense wat nie kan praat as gevolg van 'n operasie of verlamming nie en stuur klankgolwe deur die keel as dit teen die keel gedruk word, die klank word dan deur die tong en lippe in woorde omvorm. Daar is twee stemtone, een vir mans en een vir vroue.

# INTERUNIVERSITÊR

**ONTWIKKELINGSPROJEKTE wat teen die einde van die jaar R50,000,000 sal beloop, word tans in die Republiek deur Universiteite aangepak.**

Die Universiteit van Kaapstad beoog 'n R12 miljoen uitbreidingsprogram tot 1970; die Universiteit van Stellenbosch beoog 'n uitbreidingsfonds van R4miljoen; Rhodes beoog R3 miljoen. Die Universiteit van Pretoria, sowel as Wits het hul visiere op R5 miljoen gestel.

### ANDER UITBREIDING

Uitbreidingsprogramme ter waarde van R7½ miljoen word vir die volgende vyftien jaar aan U.O.V.S. gestel.

Die nuut gestigte Universiteit van Port Elizabeth, beskik reeds oor meer as 'n miljoen Rand — plus 'n staatstoekenning van R750,000.

Dit is reeds bekend dat die P.U. vir C.H.O. 'n R10 miljoen ontwikkelingsplan in die voor uitsig stel.

## Rhodes

Die Universiteit van Rhodes het vanjaar 'n studentetal van ongeveer 1,500. Hierdie studente kom van oor die hele land en, soos gewoonlik, kom 'n groot aantal uit Rhodesië.

'n Probleem word egter ondervind met die huisvestiging, sommige studente is saam in enkelkamers geplaas terwyl talle weggewys is as gevolg van die tekort aan huisvesting. Die universiteit se uitbreidingsprogram sluit, behalwe koshuise, ook nog in: 'n nuwe chemie laboratorium, nog geboue vir die Farmasie departement en ook geboue vir die Engelse departement.

## Ukovs

Die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing van die Universiteit Oranje-Vrystaat het begin met 'n skema waardeur hulle die politieke geskiedenis van Suid-Afrika sedert 1902 te boek wil stel.

Die Universiteit se departement Geskiedenis werk in samewerking met die instituut en hulle het 'n beroep gedoen op alle mense wat enige dokumente van politieke belang besit, of van sulke dokumente bewus is, om met die universiteit in verbinding te tree. Die versamelde stukke en werke sal bewaar word en uitgebrei word tot 'n omvattende naslaanbiblioteek-argief.

## Wits

Nuwe parkeerregulasies is op Wits as gevolg van ernstige parkeermoeilikhede aangebring. Die assistentregistrateur, mnr. Standenmacher, het gesê dat 'n beperkte aantal parkeerbewyse teen 'n verhoogde tarief uitgereik sal word, aan die personeel en dan aan die seniorstudente, die juniors sal laaste in aanmerking kom. Die tarief is nou R5 per jaar in plaas van die gewone R3.

Die insameling vir die skool vir nagraadse studente in Bedryfsadministrasie nader vinnig die R1-miljoen merk.

Die projek is in Maart 1964 begin en ongeveer R960,000 van die ongeveer R1,250,000 wat nodig is, is reeds ingesamel. By die bedrag is 'n donasie van R400,000 van mnr. John S. Schlesinger, die stigter van hierdie projek, ingesluit.

Hoewel die skool eers einde 1966 of begin 1967 geopen sal word, is daar 'n hele aantal inskrywings vir die eerste lesings. Suid-Afrikaners sal die kern van die personeel vorm. Daar word ook beoog om personeellede vanaf Harvard en ander Amerikaanse skole te verkry.

## H.O.K.

**Vanjaar sal die laaste jool op die Heidelbergse Onderwyskollege gehou word. Die besluit is geneem deur dosente en studente van die kollege. Later in die jaar sal ander reëlings getref word ten opsigte van 'n plaasvervanger vir jool.**

## Maties

Nadat geruime tyd gepoog is om 'n plaasvervanger te vind vir die jool, wat in 1959 afgeskaf is, het die Maties vanjaar vir die eerste keer karnaval gehou.

Talle pogings is intussen aangewend om een of ander funksie in die die plek van jool te reël, dog sonder welslae.

Die mislukkings het egter nie die geesdrif gedemp nie. Onderhandelings is gevoer met die owerheid en die uiteinde van die saak was dat hulle hulle heelhartige steun toegesê het aan die verrigtinge.

Gradedag is spesiaal een dag vervroeg ter wille van die karnavalverrigtinge. Die program het op Donderdag, 4 Maart, begin en is Saterdag, 6 Maart, afgesluit.

**Opskrif by 'n motorbestuurskool: „As jy soos 'n vis drink, moenie bestuur nie . . . swem".**


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM



**na aksie.. satisfaksie**




**vol-ja smaakvol**

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK

**J. HEIDEMA**
Vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**

**Opberging**
van fietse gedurende vakansies
Kerkstraat 48 —Tel. 5319

U koop graag
***VEKA***
Daarom koop u by die enigste VEKA-uitrusters in die dorp . . .
Pan Coetzee
**Mans- en Sportuitrusters**

**MOOIRIVIER APTEEK**
Kerkstraat 205 Tel. 6341
Agente vir:
„Helena Rubenstein"
-Skoonheidsmiddels

**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

**I. GLASER**
— JUWELIER —
VERLOOFRINGE:
**AFSLAG**
vir studente!!
Kerkstraat 187 Tel. 3622

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Tel. 6175 — Posbus 43
Kerkst. 159, Potchefstroom

**Paradise Restaurant**
Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomstraat 86 Tel. 5474

*Die Wapad*

WOENSDAG 17 MAART 1965

# INLYWING... WAT NOU?

ONTWIKKELING en vooruitgang bring onvermydelik verandering mee. Soms gebeur dit dat 'n gegewe gemeenskap nie die verandering in die regte perspektief sien nie, en die ontwikkeling dan skade ly. Dit is dus verblydend om te kon opmerk dat die beoogde verandering van die Inlywing, soos deur die Studenteraad op die onlangse massavergadering voorgestel, op 'n kalm en nugter wyse deur die studente aangehoor is, en geen opvlieënde, oorhaastige „terug na die ou dae"-argumente daarteen gevoer is nie.

Die vergadering het besluit om nie dadelik 'n besluit oor die belangrike saak te neem nie, maar om dit op 'n spesiale vergadering volgende week te bespreek nadat die feite wat die deur die S.R.-voorsitter in hulle midde gelê is, eers in oorweging geneem is.

Vir elkeen wat die argumente teen die huidige vorm van inlywing gehoor het, of wat self die jaar se aksies bygewoon het, behoort dit helder te wees dat dié vorm nie meer dienlik is nie en afgeskaf behoort te word. Die massa sal op die volgende vergadering leiding in die verband moet gee.

# ASPU NEEM LEIDING

DIE A.S.P.U.-konferensie die naweek in Pretoria het enkele aktuele sake weer op die voorgrond geplaas.

In die eerste plek was daar die bespreking van die Engelstalige persunie — 'n verdienstelike poging deur die Engelse studentekoerante wat ons steun kan geniet insoverre dit gerig is op samewerking en nuusuitruil ter verbetering van hulle onderskeie koerante en hulle ondersoek na die moontlike opleiding van joernaliste. Insoverre hulle egter as instrument van Nusas gebruik kan word opper ons bedenkinge.

'n Lofwaardige poging wat die steun van alle studentekoerante en samewerking uit die praktyk verdien is die daarstelling van 'n interuniversitêre studentekoerantkompetisie wat deur A.S.P.U. vir sy konstituerende lede gereel word. Die kompetisie sal ontteenseglik bydra tot die skepping van 'n meer eenvormige studentekoerantkarakter en algemene joernalistieke peil. Die gevolg van die kompetisie mag wees dat studentekoerante in die toekoms nie net sosiale of kulturele blaaie sal wees nie, dog sal ontwikkel in behoorlike studentenuusblaaie waarin beleidsake, kuns-kulturele, sport, plaaslike en interuniversitêre nuus as vertoonvenster van die betrokke universiteit en sy studente aangebied kan word.

Waar die P.U. vir C.H.O. miskien leiding in die verband mag gee word met dank kennis geneem van die besluit van A.S.P.U. om jaarliks 'n naweekopknappingskursus vir studentekoerantredakteurs op Potchefstroom te hou.

Die amptelike uitgawe van A.S.P.U., die S.A.-Student, was tydens die konferensie ook onder bespreking. Onder hierdie voortreflike naam k a n A.S.P.U. en die A.S.B. 'n amptelike studentekoerant van al die Suid-Afrikaanse universiteite uitgee. As sodanig kan daar geen beswaar bestaan teen die uitruil van nuus met die Engelse persunie nie, want hierdeur verkry A.S.P.U., die A.S.B., die S.A.-Student en die Afrikaanse studentekoerante amptelike nuus van die Engelse universiteite en kan die Afrikaanse studentekoerante, asook die A.S.B., weer aan hulle nuus beskikbaar stel.

# In U Lig

## UITREDDING

**JESAJA 41 : 10. „Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand."**

GOD LAAT NIE VAAR die werk van sy hande nie. Dit is die kort samevatting van hierdie teks. Israel verkeer in ballingskap. Die volk wat God as sy erfenis uitgekies het staan op die punt om verswelg te word deur ander nasies. Die oorsaak daarvan is die geestelike ballingskap waarin Israel die laaste tyd gewandel het. Afkerig aan God en sy gebod. Die geloof wat die fondament van Israel se bestaan was, is prysgegee.

Gedagtig aan sy belofte, aan sy erfenis, reik God sy verlossende en vertroostende hand uit na Israel. „Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou;" Al het Israel God verlaat, het God Israel nie verlaat nie. Weer rig God sy volk op en gee aan hulle die belofte van uitredding en verlossing.

Hierdie woorde van uitredding en verlossing uit helse benoudheid, pyn en ellende is ook ons erfdeel. Tot ons almal wat gedwaal het soos skape, wie se gees vasgevang sit in die ballingskap van Satan, het Christus gespreek en gesê: „Laat julle harte nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My."

**Om ons die ewige erfdeel te verseker wat vir ons toeberei is van voor die grondlegging van die aarde af, het God in sy Vaderlike liefde sy Enigste Seun gestuur om dit te beseël deur sy lyde en sterwe.**

Dag vir dag dra God ons deur die lewe, red ons uit ons benoudheid en vertroos ons om Christus ontwil en oortuig ons van sy liefde en trou deur die Heilige Gees.

Ons glo dat ons uitverkies is deur God in Christus en daarom kan ons ook die vaste wete hê dat God 'n ewige God is wat elkeen aansien,klein of groot en nooit die werk van sy Hande sal laat vaar nie.

# Tussen Ons Gesê

Geagte Wapadleser,

Die brief word in die eerste plek aan die Pukke gerig wat die Wapad lees en dan ook aan al die ander wat dit om een of ander rede nie lees nie.

Pukke, die koerant waarin u nou lees is u eie koerant en nie die koerant van die Studenteraad of 'n redaksie wat moet sorg dra dat dit verskyn nie.

Die redaksie vra u samewerking om aanbevelings, kritiek en ook nuus aan die Wapad te stuur wat sal meehelp om dit 'n ware verteenwoordigende studentekoerant te maak.

In die briewekolom sal u 'n aantal briewe vind waarin lesers konstruktief menings lug wat daartoe kan bydra om die koerant te verbeter. Sover moontlik sal daar aan sulke versoeke voldoen word. **Sodanige** aanbevelings word deur die redaksie op prys gestel.

Dit is u koerant, dit is u wat dit moet lees.

Die redaksie ontvang ook graag wenke van die personeel en ander nie studente.

Ons vertrou op u samewerking,

Hoofredakteur.

Geagte Redakteur,

Ek wil u graag gelukwens met die hoë standaard wat u in die eerste twee uitgawes van die Wapad gestel het. Indien dit my egter vergun word wil ek net graag 'n paar besware teen die uitleg van die blad en die aanbieding van die stof lug.

Afgesaagde uitdrukkings soos: baie geslaagd, lekker gees, geweldige toename ens. Verder moet daar ook gewaak word teen die onoordeelkundige gebruik van afkortings, soos n.u.n , in die berig self en nl.

Volgens my mening behoort die universiteit se wapen ook nie as 'n oor (advertensie) op die voorblad gebruik word nie. Daar word ook te min berigte op die voorblad geplaas. Kan die lywige berigte nie deur korter berigte met meer trefkrag vervang word nie. Ek is egter bly om te sien dat die bekende gesigte wat soos klokslag elke uitgawe van die Wapad versier (of is dit nou ontsier?) het, nog nie weer hulle verskyning gemaak het nie.

Ek wens u sterkte toe,
Gereelde Wapadleser.

Geagte Redakteur,

Langs hierdie weg wil die Ontspanningskomitee van die A.B.K.K. almal wat ons so ywerig ,en met groot opoffering gehelp het met die Ontheffingsdinee, van harte bedank. Sonder hulle hulp en ondersteuning sou hierdie dinee nie moontlik gewees het nie.

Die Ontspanningskomitee.

# Deur My Lens

VAN DIE 304 in sabotasiesake aangekla is 263 skuldig bevind — die meeste van die blankes op een of ander wyse aan Wits en Ikeys verbonde. Waar beide die V.P. en die P.P. asook die Liberale Party en NUSAS sabotasie verdoem, was die betreurenswaardig-eenvoudige stof deur die Engelstalige koerante in verband met die verontregte aangeklaagtes tipies — en dis die image deur hulle opgebou.

### BACKVELDER

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het die Burger en die Star verlede jaar onderskeidelik eerste en tweede plekke ingeneem in die kompetisie vir die beste tipografiese versorging. Steeds bestaan daar nog in baie kringe 'n verwronge backveIder en laager mentaliteit image van die Afrikaner, sy koerante en sy studente—wat toegeskryf kon word aan die feit dat almal nie Afrikaans magtig is nie, nie Afrikaanse koerante lees nie en nie genoeg belangstel om eers te weet dat daar 'n universiteit op Potchefstroom bestaan nie.

### AFDAKKE

Onlangs is 'n skoolseun met sy pa se nuwe helikopter afgelaai by sy skool (Grey-Kollege) — die eerste en laaste keer in Suid-Afrika se geskiedenis? In die V.S.A. is dit gebruiklik dat leerlnge met motors rondgechaufeer. Op die Puk word daar betoog vir afdakke vir die talle motors.

**Tog moet Potch. sy fietsstadmentaliteit ten alle koste (selfs 75 sent per lisensie) probeer behou.**

### BABAS SIT SO

Indien daar 'n Babasittersklub op die Puk gestig word, (is daar dalk een?) onder watter hoofliggaam sal dit resorteer? Onder wie hoort dit tuis? Beslis nie Korps of die A.S.B. nie (ook nie so seker nie, NUSAS reël soms sulke dinge), miskien onder die kuns-kulturele, of dalk is dit te groot sports vir die S.S.B. Of kan dit gereken word tot die beoogde sosiaal-akademiese vyfde hoofliggaam — die koek en tee en rusbank die sosiale, die boeke vir die bluf die akademiese?


### SONDEBOK

In Kaapstad het vandaliste vir die tweede keer die arme Smutsbeeld toegetakel. Die C.N.A. 1964 pryse is aan Etienne Leroux se Een vir Azazel (Afrikaans) en Alan Paton se biografie oor Hofmeyer (Engels) toegeken. Nieteenstaande buitelandse druk het Stanley Baker en sy groep tog aangekom vir die verfilming van Sands of the Kalahari. Binnekort gaan daar 2000 poste vir vrouens in die Weermag beskikbaar gestel word.

Besighede wat in die aand oop is, sal uiteindelik ook na Suid-Afrika kom. Maar waarom speel ons beide korfbal en netbal en nie net een van die twee nie? En waarom kan Unisa nie maar tuis bly en daar 'n splinternuwe Afrikaanse universiteit aan die Rand gestig word nie?

SPECTATOR.

# TIEN MILJOEN




# BEKENDE TREE UIT STUDENTERAAD

**Die bekende gesig van mnr. Frik van Deventer sal voortaan nie meer in die geledere van die Studenteraad te sien wees nie.**

Hy het onlangs bedank as A.S.B.-verteenwoordiger en word deur mnr. Jan Bradley opgevolg. Mnr. Van Deventer is in 1940 gebore en gaan skool aan die Afrikaanse Seunskool, waar hy reeds naam gemaak het as leier.

In 1959 skryf hy in aan die Puk en behaal in 1962 die graad B.A. Daarna gaan hy voort as Teologiese student.

Mnr. Van Deventer is 'n veteraan van die studentelewe. In sy eerste jaar tree hy op as konvenor van die eerstejaarskomitee, in sy tweedejaar as konvenor van die tweedejaarskomitee, en speel ook rugby vir die O-19 A span.

In 1961 was hy onder-dirigent, dien op die redaksies van Die Wapad en die Pukkie, en word teen die einde van die jaar verkies as onder-sekretaris van die S.R.

Verder het hy op die A.S.B. bestuur gedien en die Puk tweekeer verteenwoordig op A.S.B.-kongresse.

Gedurende 1963 was hy ondervoorsitter van die A.S.B. en die Vreugdedagkomitee, en voorsitter van die Gesellígheidskomitee en in 1964 sekretaris van die Studenteraad. Hy was ook hoofdirigent van die Puk.

Die redaksie wens mnr. Van Deventer sterkte toe vir die toekoms en bedank hom vir die wyse waarop hy in die studentelewe gedien het.

# Afrikaanse Studentekoerante Gaan Kompeteer

**DIE JAAR sal Afrikaanse studentekoerante vir die eerste keer meeding in 'n kompetisie wat deur die Afrikaanse Studentepersunie gereël word.**

Dit is een van die besluite wat die naweek in Pretoria op 'n Aspu konferensie geneem is. Die Wapad is verteenwoordig deur mnre. Arrie de Beer, Francois de Villiers, Cas de Villiers en Jan Breet. Drie Pukke, mnre. Marius Aucamp, Danie van Wyk en Jan du Plessis, het die S.A.-Student verteenwoordig.

**BEOORDELAARS**

Die hoofredakteurs van die Transvaler, die Burger en die Volksblad sal as beoordelaars vir die kompetisie optree. 'n Trofee is vir die doel deur die Voortrekkerpers geskenk. Tegniese versorging, nuusaanbieding, aantreklikheid, die joernalistieke vordering en aanbieding van die beleid van die blad sal onder meer by die beoordeling ter sprake kom.

**ENGELSE PERSUNIE**

Die moontlike skakeling met die nuutgestigte Engelse persunie vir die uitruil van nuus is op die konferensie bespreek. Die hoofbestuur van Aspu sal egter eers die grondslag en wese van die Engelse persunie ondersoek en 'n verslag in Julie aan die Aspu konferensie voorlê.

**LESINGS**

Lesings oor sportnuus en laster is tydens die konferensie deur mnr. Willie Mulder en adv. Dirk Mostert gelewer.

Die probleme van advertensiebestuur, nuusuitruil en die uitgee van die S.A.-Student is ondermeer bespreek.

● **Mnr. Danie van Wyk, hoofredakteur van die S.A.-Student, sal in die hoedanigheid in die toekoms sitting hê op die hoofbestuur van ASPU. Die pos van skakelbeampte, wat deur mnr. Marius Aucamp beklee is, verval. Mnr. Arrie de Beer is tydens die konferensie ook op die hoofbestuur verkies as lid vir binne- en buitelandse nuus.**



So lyk dit wanneer gradedag aan die kom is. Mnr. Hans van Zyl kyk hier na 'n groot deel van die vorms en kaarte wat vir die geleentheid uitgestuur moes word. Foto: Fotokuns.

# Puk-baardman en baardbeker

Mnr. Danie Joubert is die Puk se bydrae tot die sesde Suid-Afrikaanse Antartiese ekspedisie wat teen die einde van Desember na SANAE vertrek het beide wat sy baard en kosmiese strale betref. „Die Nataller" het 'n trofee geskenk vir die mooiste baard wat by die Suidpool gekweek word. Mnr. Joubert sal een van die beoordelaars wees, aangesien hy reeds in Suid-Afrika met 'n welige baard kon pronk.

# Minister Tree Op Voor A.S.B,

Op 4 Augustus sal die plaaslike A.S.B.-tak die geleentheid kry om min. John Vorster in lewende lywe voor hulle te sien optree. Op 7 April is 'n ander bekende figuur die A.S.B. se gas —mnr. Blyth Thompson, wat die A.S.B. in Engels sal toespreek. Die rektor, prof. Bingle, tree op 10 Maart die eerste keer voor die A.S.B.-massa op. Dr. M. D. Marais bekende ekonoom, is uitgenooi om op 12 Mei die massa in te lig omtrent die huidige ekonomiese struktuur.

# N.G.-Leraar Vir Europa

Die Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika het besluit om 'n leraar vir sy nagenoeg 1,000 lidmate in Europa daar te stel. Hierdie lidmate bestaan uit diplomatieke verteenwoordigers, besigheidsmense en tot 'n groot mate uit studente wat in Europa studeer.

Dr. J. B. van Zyl, getroud met 'n Sweedse vrouepredikant, is as die eerste leraar beroep. Die gedagte is dat dr. Van Zyl vanjaar drie keer met huisbesoek en dienste deur Europa sal reis, en elke tweede of derde maand 'n gemeentelike omsendbrief uitstuur.

# Afrikaner Moet Sy Eie Ondersteun

**'n Blik op die hedendaagse kleinhandelstruktuur openbaar duidelik die sukkelbestaan wat die Afrikanerbesighede voer vanweë die ekonomiese druk wat op hulle uitgeoefen word deur vreemdelinge wat in beheer van talle kettingwinkels is.**

So sê mnr. Johan Malan, voorsitter van die Potchefstroomse Afrikaanse Sakekamer. Hy het as gasspreker tydens die Ekonomiese Vereniging se eerste program vergadering van die jaar opgetree.

Mnr. Malan het daarop gewys dat die Afrikaner voortdurend 'n stryd moes stry om aan die lewe te bly en te midde van droogtes, rebellie en depressie die fort moes hou. In die wêreld van die handel is die Afrikaner voorgespring deur Jode, Grieke en andere.

Die taktiek van sakemanne is so diplomaties en slu dat hulle die Afrikaner, en die huisvrou in besonder, wat die huishoudelike benodigdhede aankoop, oorweldig met winskopies. Blindelings word die dikwels minderwaardige artikels gekoop net as gevolg van die lae pryse.

„Die vrou wat eens bereid was om kaalvoet oor die Drakensberg te loop ter wille van haar lojaliteit aan haar nasie, is vandag indirek besig om haar volk te verraai vir sover dit die ekonomiese aspek aangaan."

Mnr. Malan het afgesluit deur 'n beroep op die Afrikaner te doen om te stry vir dit wat hom toekom en sy eie mense se kleinhandelsake te ondersteun.

# C.S.V. Herstig

Die Christenstudentevereniging van Suid-Afrika het na 'n bestaan van 67 jaar op 12 Januarie in Bloemfontein besluit om te ontbind en vier selfstandig afsonderlike verenigings te stig — vir Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes, Kleurlinge en Bantoes. Die Afrikaanse C.S.V.-staan nou volgens sy grondwet uitdruklik op die belydenisgrondslag van die Afrikaanse susterskerke.

# Aptekers Beoog Vanjaar Aantal Nuwighede

**Die Regs- en die Aptekersverenigings is twee van die sosiaal-akademiese verenigings wat die jaar vroeg reeds op hoë noot begin fungeer het.**

'n Baie geslaagde kenmekaaraand is deur die Regsvereniging op 7 Maart by die Oude Molen gehou, en berei die vereniging hom reeds voor vir die interdepartementele botsing teen die Aptekers op 20 Maart.

Op 'n onlangse vergadering is die volgende bestuur gekies: A. Badenhorst; voorsitter, Hennie van der Merwe; onder-voorsitter, Koos Roos; penningmeester, Jan Bradley as derdejaar en N. C. Gey van Pittius as tweedejaarverteenwoordigers.

**APTEKERS**

Die Aptekers beoog die jaar 'n aantal nuwighede. Koffie gaan binnekort by die Farmasiegebou verkoop word omdat die kafeteria te ver geleë is. 'n Opvoedkundige toer, bywoning van My Fair Lady en 'n vleisbraai by die dam word in die vooruitsig gestel.

Die volgende bestuur is onlangs verkies: Gerrit Meyer; voorsitter, L. S. du Plessis; onder-voorsitter, mej. Janette Venter; sekretaresse, André Barnard; penningmeester, mej. A. S. de Villiers korrespondensiesekretaresse, C. Smit as tweedejaarverteenwoordiger en G. Kühn as eerstejaarverteenwoordiger.

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

# GEKUS EN GEKEUR

NEE WAT, my vrese dat ons e..e.. „onderonsie" ten einde sal loop weens gebrek aan entoesiasme by ons geagte „slagoffers" is ongegrond, en dis hoofsaaklik te danke aan die eerstejaars wat blyk „getryn" te wees in die diepere kunste. Hulle loop hierdie kampus van ons vol, gerugsteun en geondersteun en steun-steun (laasgenoemde darem net as hulle klastoe gaan) Net van kys wil hulle niks weet nie, want die gesogte „gold rush" wedlopers het blykbaar almal omgedraai. Daarom wil ek weer 'n beroep op die eerstejaars doen om hulle kleims te gaan kleim; onthou: „met die waters wat verby is, sal die meule nooit weer maal nie"

**VAN DER WALTS**

Pieter van der Walt meen mos dat „all size same size" is, en nou sleep hy en Janette Lessing ewe lustig: sy hoef nie op 'n kassie te staan nie en hy ook nie. Siedaar: die perfekte „match".

Lyk my die Van der Walts kan maar net nie uit die nuus bly nie: as dit nie hiervoor is nie, is dit daaroor (moenie julle borse begin uitstoot nie, as julle weet wat ek bedoel, sal julle gladnie so tevrede „smile" nie). Wat ek eintlik wou sê is: kyk nou weer vir Andrea van der Walt en Harry Meadon. Wat gaan daar aan?

**KAMPE BO**

En nou is daar nog 'n ding met 'n Van der Walt: Petro (ook van die genoemde ras sê nou die dag vir my dat sy so lief is vir kampe.

A nee a, wat is dit met die Van der Walts? Ek het sopas gehoor van die geval van Johan van der Walt. Ja, hy het glo so hard geval vir Daleen van Rensburg.

Magriet Peens dra deesdae net rokke van Skotse ruit om by haar „Scottie" te pas.

Anneke Kloppers sing glo net „Flip"-over-honey.

Georgie Pretorius kon nou wel nie vir Gary Grant kry nie, maar sy vertel glo dat Gary Koen net so goed is, veral soms.

**PLAASTOE**

Wie het gesê dat twee Coetzees op dieselfde plaas nie sal aard nie? Andries Coetzee wil dan vir Piet Coetzee saam met hom na die proefplaas toe vat en sy verseker my dat sy lekker daar gaan aard.

Marlene Smit en Fanie Roothman is deesdae dik „vriende", ne?

Martie Yssel en Evert Joubert het glo gehoor ons gaan so 'n strawwe winter hê: nou begin hulle maar vroegtydig.

Wie het vir Rina Vermeulen en Piet Konig daarvan vertel?

Ek sê mos altyd dat geen ding klaar is as daar nie 'n Van der Merwe by is nie: Mack van der Merwe dink weer niks is klaar as Marita Pretorius nie by is nie.

**AAN DIE BRAND**

Klaas Havenga gebruik na bewering deesdae petrol op sy sakdoek: nou dink al die meisies hy het 'n motor.

Renske Sinia vertel my dat sy en Sarel du Plessis „mekaar al lankal ken".

Kobie Potgieter en Geo Knoetze het planne vir die toekoms. Watter toekoms?

En nou is my storietjie se gô uit. Of nee, wag 'n bietjie, ek het geweet dat daar iets is wat ek vergeet het:

'n Jakkals bly maar 'n jakkals nê? Die feit is nou al oor en oor bewys, maar ten spyte daarvan het Chrissie Venter tog toegestem om Jakkals Reynecke se ring te dra. Baie geluk, julle twee.

Lekker Sleep,

Die uwe,

Kaaikie Kekkelbek.

## *Hoe Klink Die Plaat Vir Jou?*



**Die discoteekkomitee het onlangs 'n aantal nuwe plate met ligte musiek ter waarde van ongeveer R60 aangeskaf. Hier kan lede van die komitee v.l.n.r. Joon van Rooy, Koos Grobler en mej. Greetjie Groothoff gesien word terwyl hulle die plate uitsoek.**

*Foto: Fotokuns*



**'n Mens sou dit skaars kon glo, nuwe aankomelinge (of is dit vertrekkendes na Tarentaal?) en 'n splinternuwe Cachetstasie. Die eerstejaars het seker onder die indruk gekom van die gasvryheid en mededeelsaamheid van oom Ben se mense om die stasie na so 'n lank tyd weer netjies uit te verf en die bekende ou halte in 'n sieraad vir die Bult te omskep.**

*Foto: Fotokuns*

## Interallesse

Dawie Dup Suid het 'n sprankelende intertee met Oosterhof gehad. (Ek dink nie dis nou juis die tee wat so sprankelend was nie of hoe?).

Over de Voor en die dames van Kulu het 'n inter-waatlemoeneet gehad en as mens na die geluide moes oordeel wat die arme studerendes van ver af moes aanhoor, het dit taamlik taai gegaan daar (of moet ek sê „soppy").

(Varia-Red.)

## *Lekker taai feestigheid*

Over de Voor is goed op pad om 'n ryke verlede op te bou. Woensdagaand die derde Maart het Kulu en Over de Voor 'n baie suksesvolle waatlemoenfees gehou — veral die NAGEREG was heerlik.

Na die samesang het Over de Voor die pret voortgesit en is die soete-taaie in 'n swembad gaan afspoel en is die gees teen middernag op 'n hoë noot afgesluit met 'n „Hamburger-party" by die padkafee.

## Amerikaners fliek dubbel

**In New York word f'lms alreeds in dubbelverdieping-teaters vertoon. Een film word bo vertoon terwyl 'n ander een onder draai. Die rede vir hierdie nuwigheid is glo dat die fliekganger 'n keuse het sonder om hom na 'n ander bioskoopsaal te wend.**

# Vasvra Sit Koshuisdames Plek-plek Koud

**In die jaarlikse interkoshuisvasvra wat voor verlede week begin het, het drie manskoshuise en drie dameskoshuise teen mekaar te staan gekom.**

Dawie Dup-Noord, Over de Voor en Dawie Dup-Suid het teen mekaar te staan gekom terwyl Klawerhof, Thaba Jäh en Kulu kragte gemeet het.

Baie vrae het die dames lelik laat kopkrap. Wie verwag dan nou 'n vraag soos wie is die burgemeester van Potch. of wie is Pote se S.R.-voorsitter? Die stryd het redelik gelykop verloop, maar uiteindelik het Thaba Jäh daarin geslaag om die louere weg te dra.

**Die geveg tussen die manskoshuise was voorwaar baie interessant: die koshuis wat aanvanklik die agterhoede gedek het en wie se kanse om die pyp te rook maar uiters skraal gelyk het, het met 'n desperate eindpoging tog as oorwinnaars uit die stryd getree.**

Dawie Dup-Noord was 'n volle vyf punte agter toe daar maar nog twee vrae oor was. Op die ou end het hulle tog die onwaarskynlike reggekry en na 'n verbete stryd met Over de Voor, die vasvra gewen.

**STUDENTEVARIA**

Daar sal nog etlike uitdunne plaasvind waarna die wenner van die dames en mans teen mekaar te staan sal kom. Uit die spanne sal ook nog 'n span saamgestel moet word om die Pukke te verteenwoordig wanneer hulle in Studentevaria teen spanne van ander universiteite sal meeding.

## Kommunikasie soos min

Na verneem word is die Fisikagebou nou toegerus met telefone en is dit net nie snaaks soos die lektore en professore nou met mekaar in verbinding bly nie.

Die telefoon-goeters werk glo nogal eienaardig en heel modern. Die hele sisteem getuig ongetwyfeld van die feit dat die Fisikadepartement nie aan isolasie glo nie en inderdaad baie kommunikasie-bewus is.

# Oor poeier en verfies . . . deur Kave

**'n Geharde vrouehater het eenkeer beweer dat die skone geslag oor twee onfeilbare wapens beskik wat selfs hom van alle veglus ontneem.**

Dames, een van die toormiddels kan julle aanskaf: grimering, en oor die ander beskik u reeds: trane. Ongelukkig vir u, moes hy byvoeg dat die twee nooit met welslae gekombineer kan word.

Dit behoort nogtans die moeite werd te wees om 'n bietjie dieper in die grimeersakie te kyk. Grimering neig al meer na die natuurlike voorkoms. Die bleekwit lipstiffies moes plekmaak vir hul meer kleurvolle susters, helderpienk en oranje. Rouge kan met 'n ligte hand aangewend word, en verrig wondere vir die gesig: ook in die dag.

**Dit is ook binne u bereik om daardie breedgeskouerde held met een mistige blou/groen/grys blik te betower en aan u voete te hê. Baie oogskaduwee en maskara is glo aan die orde van die dag. Smal wenkbroue dra by tot groot gehe'msinnige oë en hoe groter die oë, hoe groter die kanse vir ogiesmakery.**

Wat haarstyle aanbetref, het 'n Alexandre 'n heeltemal nuwe voorkoms ingelei. Die Gigolostyl se slagspreuk is „kort en krullerig"; 'n sagte vroulike lyn, wat vleiend vir die gesig behoort te wees.

Wetenskaplikes wonder nog altyd waarom vrouens soveel langer leef as mans . . : Ons wonder nie, ons weet. Het verf dan nie 'n beskermende uitwerking nie?

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**TRANSVALIA MEUBELS**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

*„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"*

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

*ONS SPESIALISEER IN*

**MODERNE HAARSTYLE**

**DIE BULT DAMESHAARKAPPER-SALON**

TOMSTRAAT 86A — TELEFOON 5136

TELEFOON 5537 KERKSTRAAT 180



**BETYDS GEKEER ! ! !**
**A. Hawthorn, doelwagter van die Puk, in aksie.**

# P.U.-Pluimbalklub Groei Vinnig

**VANAF DIE INTRAPSLAG van die jaar het die pluimbalklub reeds groot belofte ingehou. Die belangstelling is goed maar die oefengeriewe voldoen nie altyd aan die behoefte nie. Dit het nou noodsaaklik geword dat daar ekstra oefentye geskep moes word om vir die sowat veertig lede van die klub voorsiening te maak.**

Hoewel die spelgehalte van die spelers sedert die begin van verlede jaar aansienlike verbetering toon, sal daadwerklike pogings aangewend moet word om die afrigtingswerk op 'n hoër vlak te plaas. Daarvoor sal van die dienste van etlike Wes-Transvaalse spelers gebruik gemaak word. Die moontlikheid bestaan dat die Suid-Afrikaanse pluimbalkampioen Alan Parsons, gedurende die seisoen 'n kort besoek aan die klub sal bring om spelers die fynere puntjies van die spel leer.

**AFGESIT**

Dit was veral die ervare manne wat op 'n hoë noot afgesit het, en hier moet die name van Paul Kruger, Pierre van Ryneveld, Johann de Wet, en Nico du Preez beslis genoem word. Veral in die enkelspelwedstryde sal Nico du Preez moeilik geklop word.

By die dames lyk sake nie so rooskleurig nie, aangesien baie min nuwe talent bygekom het en daar hoofsaaklik op die ou spelers staatgemaak moet word. Onder die dames is daar Mej. Rosalie de Klerk wat verlede jaar haar stem baie dik gemaak het op die Inter- Universitêre kampioenskappe, en vanjaar groter prestasies kan bereik, asook Tilla Kühn wat uitmuntend speel om haar in dubbelwedstryde te ondersteun.

Benewens die ligabepalings wat nagekom moet word is daar ook etlike ander wedstryde wat in die vooruitsigte gestel word, naamlik teen Tukkies, N.K.P., H.O.K., en Wits.

● Dit lyk of die pasgestigte Pluimbalklub 'n ongekende bloei beleef, en as daar teen die huidige trant voortgegaan word, sal daar nog baie van die sportsoort op die Puk gehoor word.

Sportredakteur.

# Roemeniërs Die Gehardste

Jean Prat, bekende sportskrywer van Frankryk, het onlangs 'n lys van al die Rugbyspelende lande opgestel en 'n puntetoekenning gemaak aan elke land volgens die gehardheid van sy spelers. Volgens hom is die Roemeniërs by verre die gehardste.

# P.U.-Sokkerklub wy die seisoen in met 'n punteoorwinning

**GROOTLIKS vanweë die spel van Erton Hawthorne, en knap samespel van die Puk se vyf voorspelers, kon die Puk se sokkerspan as oorwinnaars teen N.K.P. van die veld stap.**

Die Pukke het eerste bloed geruik toe Hennie van der Merwe die eerste doel aangeteken het. Hierna was N.K.P. herhaaldelik op die aanval en is die Pukke se verdediging tot op die uiterste beproef.

Dit was dan ook die kaptein van N.K.P. wat na 'n goedgemikte probeerslag, sy span se enigste doel aangeteken het. Met die Puk daarna weer op die aanval, het Sasol Moens daarin geslaag om die tweede doel te behaal. Dit was die rustydtelling.

Die tweede helfte het volop hoogtepunte opgelewer. Die hewige aanval van die Pretorianers het geen vrugte afgewerp teen die rotsvaste verdediging van die Puk nie. Met manne soos Hennie van der Merwe en Sasol Moens aan die spits het die Pukke nog twee doele ryker geword. Die eindtelling was 4 — 1 in die guns van die Puk.

**Daar is verskeie faktore wat die sege in die hand gewerk het, uitstekende spelgehalte, goeie afrigting en die beter fasiliteite wat vanjaar aan die Sokkerklub beskikbaar gestel is. Indien die Sokkerklub teen die huidige trant voortgaan, is deelname aan die gesogte Inter-Universitêre Sokkertoernooi nie meer iets waaroor slegs gedroom hoef te word nie.**

Die Pukke is verteenwoordig deur die volgende spelers: E. Hawthorne, F. van Wyk, J. van Wyk, (Kapt.) J. van Graan, M. Adams, G. Steyn, H. van der Merwe, H. Coertse, Sasol Moens, W. Botha, en P. van Vuuren. Reserwe: N. Louw.

# Tafeltennis

Aan belangstelling ontbreek dit nie vanjaar by tafeltennis nie. 'n Verblydende verskynsel is dat baie nuwe spelers en veral eerstejaars bygekom het.

# SPORTFLITSE

Dr. Danie Craven verklaar in die amptelike maandblad van die S.A. Rugbyraad dat rugby voorheen na homself kon omsien, maar vandag moet "ons" dit doen. Hy wys ook daarop dat verandering die basis van vooruitgang en ontwikkeling is. Hy sê dat iets wat staties bly, verroes of verweer.

**Dr. Craven sê dat dit verkeerd is om te sê dat klubrugby, wat die basis van die spel vorm, deur groot rugby doodgemaak word. Groot rugby kan dit alleen doen as die organisasie van klubrugby nie gesond is nie.**

Dr. Craven sê ook dat daar heeltemal te min gedoen word vir die gewone speler. Die goeie speler kry al die aandag terwyl die minder goeie speler afgeskeep word.

# O/20's HOU GROOT BELOFTE IN


**ANDERS AS IN VORIGE jare, gaan die O/20 span van die Puk vanjaar toer en moet die seniors tuisbly. Die toer vind in die Aprilvakansie plaas en die span sal uit ongeveer 20 spelers bestaan.**

Die toerspan vertrek op 14 April uit Potchefstroom en op Donderdag 15 April word die eerste wedstryd teen die O/20 span van die Universiteit Natal op Pietermaritzburg gespeel. Op Vrydag 16 April kom die span in Durban aan en Saterdag, 17 April, word 'n wedstryd teen Glenwood Old Boys se O/20 span gespeel.

Op Maandag 19 April, vind daar 'n wedstryd teen Berea-Rovers O/20 plaas, wat ook in Durban gespeel sal word. Op Woensdag 21 April word daar weer op Pietermaritzburg gespeel en wel teen die O/20-span van Collegians. Op Donderdag 22 April keer die span terug na Potchefstroom.

Die mededinging is besonder sterk en manne soos Koos du Plooy, voormalige kaptein en senter van Vrystaatskole, het reeds goed vertoon. Delaport is 'n ander speler wat telkens die oog vang en was ook lid van die Wolmaransstadse span wat verlede jaar die Administrateursbeker verower het.

Daar is ook etlike ander uitblinkers soos Jan Schutte (skrumskakel), Tys Redelinghuys (Vrystaat O/20 se heelagter van verlede seisoen) en Dirk Laufs (losskakel). Onder die losvoorspelers is daar reeds die bekende name van Leon de Bruin, Gawie Yssel, en William Scott. In die voorry kan die name van Vaatjie van der Merwe en Bakkies Prefier nie uitgelaat word nie.



**Puk waterpolospelers knoop die stryd aan teen Pote in 'n vriendskaplike wedstryd.**

*Foto: Fotokuns*

Ruikers vir alle geleenthede
**BOUQUET**
**BLOEMISTE**
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei
● WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
● DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP
in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
**Tel. Nrs. 12 en 2582**
**Kerkstraat 122** **Posbus 171**

Cachet Modes
**(EDMS.) BPK.**
**Tomstraat 92** **Telefoon 5032**
**POTCHEFSTROOM**
— Ons hou alles aan wat dames benodig: —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

# Pukke Skud Hul Vere Reg Vir Die Dalrymple

**AGT WES-TRANSVAALSE REKORDS het Saterdag in die slag gebly tydens die jaarlikse Wes-Transvaalse Atletiekbyeenkoms op die Bill Swart-ovaal.**

Veral indrukwekkend was die goeie vertoning van Willie Coetzee, aangesien hy in die goeie tyd van 14.4 sek. tweede gekom het na die Suid-Afrikaanse kampioen Donald MacDonald, wat die 120 tree-hekkies in dieselfde tyd gewen het. Die belowende vertoning van Coetzee wys weereens dat baie goeie vertonings nog hierdie seisoen van hom verwag kan word.

### BLINK VERTONINGS

Ander blink vertonings van die Pukke wat kan dui op 'n suksesvolle seisoen was die tweede plek wat Pietman Botha in die 220 tree hekkies behaal het in die goeie tyd van 24.5 sek. Hierdeur het Botha dan ook aangetoon dat hy stadig maar seker besig is om sy ou vorm te herwin en kan hy met prestasies vriend en vyand verras tydens die Dalrymple-byeenkoms wat later in die seisoen plaasvind.

### LANGAFSTAND

In die langafstandnommers het die Pukke weereens getoon dat hulle oor 'n paar puik langafstandatlete beskik, deurdat Leendert Snyman en Fanus Heystek die tweede en derde plekke onderskeidelik na L. Stark beklee het. Ietwat teleurstellend was egter die vertoning van Baas Buys wat nie daarin kon slaag om die pas vol te hou nie. Die algemene verwagting is egter dat Baas weer daarin sal slaag om 'n plek in die Dalrymplespan te kry indien hy daar in kan slaag om betyds fiks te word.

In die uitdunne vir die 100 tree het Trevor George daarin geslaag om die goeie tyd 9.9 sek. te behaal, maar in die finaal van dieselfde item kon hy slegs daarin slaag om die vyfde posisie te behaal.

### PUKDAMES

Wat die Pukdames betref, was die vertonings maar ietwat aan die skraal kant en het slegs Cecilia Malan, suster van die Springbokrugbykaptein Avril Malan daarin geslaag om 'n derde plek in die gewigstoot vir dames te behaal, asook 'n baie verdienstelike tweede plek in die diskus vir vroue met 'n afstand van 1v5 vt. 11½ dm. In albei hierdie nommers moes sy tweede viool na die bekende Wilna Fraser van die Goudstadse Onderwyskollege speel.

Aangesien die atletiekseisoen maar pas begin het, was die vertonings wat gelewer is tydens hierdie byeenkoms van 'n hoogstaande gehalte.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.**

## Rugbykaptein bedank

**Die eerstespan rugbykaptein, Jona Viljoen, het onlangs bedank. Hy studeer tans buitemuurs.**

**Langs hierdie weg wil die redaksie van Die Wapad hom bedank vir sy diens aan die spel hier op die Puk. Hy het sy plek meer as volgestaan en bekwame leiding op- en van die veld gegee.**

**Ons wens hom sterkte toe vir 'n rugbyloopbaan waarin hy nog ver kan vorder.**

**Redaksie.**



'n Laaste kraginspanning voor Pietman Botha oor die hekkie seil



Willie Coetzee en Donald Mac-Donald word gelukgewens na hulle wedloop. *Foto: Fotokuns*

# Over de Voor stel voorbeeld in die Koshuisliga

**Met seker een van die gedugste koshuisspanne aan die P.U., speel Over de Voor, eerskomende Saterdag teen 'n besoekende span van Taaiboskoshuis van Tukkies.**

Hoewel Over de Voor oor die dienste van etlike erkende eerstespanspelers beskik, sal daar nietemin deeglik rekening gehou moet word met die Tukkies. Indien in aanmerking geneem word dat hulle verlede seisoen nie te sleg gevaar het in die onderskeie koshuisligas nie, en daar reeds name soos Jan Tromp, voormalige Tukkie en Noord-Transvaalse slot in hulle geledere het, is dit duidelik dat daar beslis sterk kompetisie gaan wees.

### GEDUG

Over de Voor beskik oor manne soos Dave Tromp, Paul du Plessis, Andries du Plooy, Hannes Visser, Gerhard Scholtemeijer en etlike ander ervare spelers. Op papier lyk dit dus na 'n gedugte span. Die groot vraag is of die samespel en afronding daar is. Laasgenoemde twee faktore sal as deurslaggewende faktor dien. Oor die fiksheid van die manne bestaan daar geen twyfel nie, en is hulle slaggereed!

### SPAN

Daar word ook kragte gemeet tussen die tweede spanne, sowel as die O/19's. Met druktyd was slegs die eerstespan bekend, en met utsondering van 'n paar veranderinge sal dit uit die volgende spelers bestaan: Eugené Kruger, Hannes Visser, Frans v. d. Walt, Koos du Plooy, Gerhard Scholtemeijer, Andries du Plooy, George Steyn, Roelfie du Plessis, Vaatjie van der Merwe, Deon Malan, Paul du Plessis, Dave Tromp, Leon de Bruin, Gawie Yssel, Dok Briers.

## Kommissie Oor Sport

**Op die jongste vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die P.U. vir C.H.O. is die kwessie van afrigting by die verskillende sportklubs aan die Universiteit te berde gebring.**

**Terselfdertyd is die tyd ook as ryp beskou vir 'n ondersoek na al die sportfasiliteite soos bv. Sportvelde, kompetisies, ens.**

**Die volgende kommissie is aangewys om die hele sportaangeleentheid aan die Universiteit te ondersoek, Proff. W. N. Coetzee, D. P. J. Smith, S. P. van der Walt, H. Venter, dr. O'Grady en mnr. C. J. H. Schutte.**

*Treffend*

*Gesê . . .* *Portraits are like money in the bank . . . They gain interest as years pass by*

*Bekend vir Karakteristiese Portretstudies*

**Onthou, daar is nog net 'n kort tyd om u bestelling te plaas vir gradedag**

# Gisela Maiwald

*Fotografie* *Photography*

**TOMSTRAAT 100 POTCHEFSTROOM TELEFOON 7812**